

Fokus op Geestelike vernuwing

Psalm 85: 7

“Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?
Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp, Here.”

Fokustyd Werkboek 11 Maart tot 6 Mei 2018

Riglyne vir persoonlike stiltetyd met God
Riglyne vir Kleingroepbyeenkomste

Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha

Saamgestel deur ds Karel Steyn met medewerking van ds Piet Venter (Gereformeerde
Kerk Potchefstroom-Oos)

Baie welkom by hierdie Fokustyd in ons gemeentelike lewe!

Wat wil ons bereik?

Sedert die middel van 2017 het die kerkraad onder die indruk daarvan gekom dat ons weer moet besin oor die bediening van en aan die gemeente. Heelwat het in 2017 in die gemeente verander: ons het 'n nuwe predikant ontvang, die Nuwe Hoop Dwelm Krisis Sentrum het heelwat momentum ontvang en die samestelling van die gemeente het begin verander met jonger lidmate wat by ons aangesluit het.

Wanneer ons oor die bediening van en aan die gemeente dink, is dit belangrik om op grond van sekere beginsels hieroor na te dink om ten einde toe te sien dat die gemeente in liefde by die waarheid bly en in alle opsigte na Christus toe groei. Ons leer immers by die Here dat ons doelgerig en planmatig moet werk om sekere geestelike doelwitte te behaal. Lees gerus 2 Petrus 1: 3 -15 in dié verband.

Die Skrifbeginsels waarop die bedieningskommissie en die kerkraad besluit het, hang saam met die Sinode 2012 se besluit oor die Omkeerstrategie vir die GKSA. Ondertussen het die benaming hiervan verander na die Kerkgroei Bediening, siende dat die naam "Omkeerstrategie" 'n verkeerde persepsie los gemaak het by baie lidmate. Ons wil immers na Christus toe groei deur te vra wat die Woord ons leer.

Alhoewel daar heelwat meer sulke rigtinggewende Skrifbeginsels vir geestelike vernuwing en verdieping is, gaan ons in die volgende tydperk in die gemeente net op die onderstaande 5 fokus. Soos wat ons hierin groei sal ons later na nog ander belangrike Skrifbeginsels gaan soek.

Ons wil met hierdie 5 weke Fokustyd poog om elke lidmaat saam te neem op 'n reis van geestelike verdieping sodat ons almal hierdie Skrifbeginsels ons eie kan maak. Die doel is net nie om kennis te vermeerder nie maar om deur die kennis van die Woord, gebed en omgang met ander gelowiges **werklik ook ons lewe te verander sodat ons meer soos Christus kan word.**

Wanneer 'n gemeente saam geestelik groei sal sy ook na buite groei. Geestelike volwassenheid is die sleutel van ware gemeentelike lewe en vir die uitdra van die evangelie. Ons vertrou en bid dat die Here hierdie Fokustyd vir elkeen van ons tot persoonlike geestelike groei maar ook tot groei in geestelike volwassenheid van ons gemeente sal gebruik.

Ons wil graag as leiers van die gemeente op elke lidmaat 'n persoonlike oproep doen om moeite te doen en op te offer om hierdie geestelike reis mee te maak. Werk deur die

boekie in jou persoonlike tyd met God of as huisgesin. Skakel in by 'n groeps gesprek – al is dit net vir hierdie 5 weke. Doen moeite om jou weekprogram só aan te pas dat jy/ julle die volle waarde van die geestelike groei kan geniet.

Mag die Here ons ryklik seën

Ds. Karel en die kerkraad.

Waarop gaan ons fokus?

Ons gaan na die volgende 5 Bedieningsbeginsels kyk:

Dat Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha

1. 'n Woordgedrewe en Christus gesentreerde gemeente sal wees.
2. die persoonlike geloofsgroei van elke lidmaat bevorder.
3. 'n biddende gemeente sal wees.
4. leiers vir vandag en môre ontwikkel.
5. lidmate saambind in opbouende onderlinge meelewing.

Hoe gaan ons fokus?

Ons versoek elke lidmaat om sover moontlik by al drie die volgende fokuswyses betrokke te raak:

1. Persoonlike en/of huislike omgang met die Here.
2. Omgang met die Here saam met ander gelowiges (Bybelstudiegroepe, wyke)
3. Aanbidding op Sondae

Vir dié doel bied ons in hierdie Fokustyd Werkboek vir elke week 5 riglyne vir persoonlike of huislike omgang met die Here. Die getal 5 is gekies omdat ons vertrou dat elke lidmaat by 'n gespreksgroep gaan inskakel wat een aand van die week in beslag gaan neem en natuurlik ook elke Sondag die erediens gaan bywoon.

Ons bied ook 5 riglyne vir die weeklikse kleingroep- of geselsgroepbyeenkoms aan en gee riglyne vir die preke wat elke Sondag gaan handel oor die afgelope week se tema.

Ons lê dus elke week 3 boustene vir die week se tema: van ons persoonlike/huislike verdieping na kleingroepverdieping na erediensverdieping.

Hoe werk die huisgodsdienst/persoonlike tyd met God se riglyne?

Die doel van hierdie riglyne is nie om die inhoud vir jou as lidmaat op 'n skinkbord te gee nie. Jy gaan nie net die riglyn soos 'n dagstukkies kan lees en dan klaar wees nie. Die gedagte is eerder om die gesin/indiwidu se omgang met die Here deur die Woord te stimuleer met vrae, oordenking en toepassing.

Hoe word die persoonlike/huisgesin se tyd met God ingerig?

Hierdie daaglikse tyd met God het 6 elemente en een ekstra vir die wat meer tyd het. Van die elemente word met illustrasies aangedui en die betekenis word hieronder weergegee.

1. Elke dag begin ons deur eers in GEBED stil te word voor God.

Bid vir innerlike stilte en oorgawe aan God

Bid vir leiding deur die Heilige Gees.



2. Lees dan die SKRIFgedeelte stadig en met begrip deur.



3. Oordink/bespreek die OORDENKINGSVRAE. Verstaan ons wat ons lees?

Hierdie vrae is slegs enkele prikkelvrae. Vrae self vrae aan die teks soos :

Wat maak hierdie gedeelte aan ons oor God Drie-enig bekend?

Waarom staan hierdie in die Bybel geskrywe en wat beteken dit vir ons vandag?

Wat leer ons hier van die genade/liefde/troos van die Here?

Wat leer ons hier oor onself, die kerk, die Koninkryk van God?



4. Daar is elke keer KERNGEDAGTES wat ons graag wil VASKNOOP sodat ons die lyn van ons tema telkens kan deurtrek en elke oordenking.



5. Die Here roep ons op tot AKSIE!

Ons moet telkens vra: wat gaan ek/ons nou doen nadat ons gehoor het wat die Here vir ons sê.

SKRYF, in die spasie wat daarvoor voorsien word, praktiese “doen dinge” vir jou/julle as gesin neer wat voortvloei uit hierdie ontmoeting met die Here.



6. Gebedsriglyn

Ons sluit die tyd met God af weer met GEBED.

Dank die Here vir sy Woord, liefde, genade, redding, vergifnis, vermaning, ens.

Bid om leiding om gehoorsaam te wees aan wat God vra. Bid vir mekaar, bid vir ons gemeente, bid vir die uitbreiding van God se koninkryk.



7. ANDER GEDEELTES wat die tema belig.

Vir die lidmate wat meer tyd het en nog meer oor die spesifieke tema wil lees en oordink, word daar nog een of twee Skrifgedeeltes gegee wat die tema belig.

Hoe word ek deel van 'n kleingroep/gespreksgroep?

Reëlins word getref sodat elke lidmaat by 'n Bybelstudiegroep kan inskakel. Ons gaan vir hierdie Fokustyd vrywillige gashuishoudings vra om vir ons in hierdie tyd byeenkomste te fasiliteer. Ons versoek elke lidmaat om te kies by watter groep jy vir die tydperk wil

inskakel. Na afloop van die Fokustyd kan die groep besluit of hulle wil ontbind of dalk (verkieslik) voortgaan om op hierdie sinvolle wyse saam te groei in die geloof. Lidmate is ook vry om na afloop van die Fokustyd by ander groepe in te skakel.

Hoe werk so 'n groep /Bybelstudiegroep byeenkoms?

Die doel is om saam te groei in die geloof deur te fokus op die Skrif, gebed en mekaar. Die Here gee verskillende gawes aan mense wat Hy gebruik om ons almal op verskillende wyses te bedien sodat ons geestelik kan groei. Die vrywillige groepleiers sal deur die kerkraad toegerus word in die organiese Bybelstudiemetode en hulle sal die groep leiding gee.

'n Byeenkoms word as volg gestruktureer:

1. Fokus op mekaar (20 minute)

Gelowiges kom as broers en susters bymekaar en ons fokus ook op mekaar se wel en wee. Hoe gaan dit? Vertel wat jy die afgelope week ervaar het op jou eie pad met die Here? Waarin kan ons mekaar tot hulp wees? Versoeke vir voorbidding kan hier gegee word. Hier kan die groep ook saam iets eet of drink.

2. Fokus op die Here (40 minute)

Hier word saam gebid, gesing, luister na geestelike musiek en gevra om die leiding van die Heilige Gees in ons omgang met God in sy Woord.(10 minute). Dan verdiep die groep saam in die Woord en luister na wat die Here ons leer en deel met mekaar wysheid en insig. Ons gebruik die organiese Bybelstudiemetode om saam die inhoud van die Woord te oordek en met mekaar te bespreek (30 minute)

Sien op bl. 42 'n uiteensetting van hoe die Organiese Bybelstudiemetode werk.

3. Fokus op die wêreld (15 minute)

Die laaste kwartier word spesifiek gefokus om wat ons geleer het in die Woord van toepassing te maak op ons lewe in die wêreld. Hier word gevra: Hoe kan ons wat ons geleer het gaan toepas in ons daaglikse lewe (persoonlike lewe, huwelikslewe, gesinslewe, gemeentelike lewe, vriende en werk)? Hoe verander hierdie kennis my siening van die gemeente en my rol daarin? Hoe help hierdie kennis my om uit te reik na mense wat weggedwaal het van die Here of na iemand wat nie die Here ken nie.

Bogenoemde indeling hoef nie slaafs nagevolg te word nie, maar kan ook aangepas word na gelang van tyd en omstandighede. Ons moet egter elke keer doelgerig werk en nie te lank vashaak by een element nie.

Groepsverbintenis

Dit sou goed wees om by die eerste byeenkoms goeie tyd te spandeer om mekaar goed te leer ken en mekaar aan te moedig om die doelwit van die groepbyeenkoms te eerbiedig. Elke lid/gesin moet hulle verbind tot die volgende waardes:

- Doelstelling: om gesonde en groeiende geestelike lewens te ontwikkel deur 'n gesonde groepgemeenskap te bou.
- Bywoning: om vir die duur van die Fokustyd getrou die groepbyeenkoms by te woon en te laat weet as ek onvermydelik afwesig of laat gaan wees.
- Vertroulikheid: om alles wat in die groep gedeel word as streng persoonlik en daarom vertroulik te hanteer.
- Veilige geloofsgroei omgewing: om 'n veilige ruimte te skep waar mense gehoor kan word, vrymoedig kan praat, na geluister word en liefde ontvang. Geen veroordelings of ooreenvoudigde antwoorde word gegee nie.
- Verwelkoming van nuweling: om vriende wat by die gesprek kan baat vind uit te nooi en vreemdelinge vriendelik te ontvang.
- Verhoudinge bou: om opreg in die ander groeplede belang te stel, te leer ken en vir hulle te bid.

Groep se naamlys

	Naam	Telefoonnommer	E-pos adres
1			
2			
3			
4			
5			
6			
7			
8			

Groepkalender

Datum	Inhoud	Plek	Fasiliteerder	Verversings
Bv Dins, 27 Mrt.	Week 1	Jan en Sannie	Koos	Piet en Janet

Eredienste

Vir hierdie tydperk neem ds. Karel die boek Efesiërs as teks om die verskillende bedieningsfokusse te belig. Lees gerus somer gedurende die eerste week van ons fokustyd Efesiërs vinnig een of twee keer deur. Jy sal ook sien dat baie van die

Skrifgronde vir die verskillende beginsels in hierdie werkboek gegee word. Probeer regtig om nie een van hierdie eredienste mis te loop nie.

Program vir ons Fokustyd

Inleiding

Op Sondag, 11 Maart, lei ds Karel vir ons die Fokustyd in met Woordbediening uit Openbaring 2:1-7.

Die fokus val hier op die feit dat Christus ons eerste liefde is en dat ons alles in ons vermoë moet doen om Hom as ons eerste liefde te dien en te gehoorsaam.

Week 1

Dat Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha 'n Woordgedrewe en Christus gesentreerde gemeente sal wees.

Dit voel amper onnodig dat ons hierdie bedieningsbeginsel met mekaar moet bespreek en mekaar moet leer en aanmoedig om dit as vertrekpunt te neem. Ons moet ons egter nie deur die duiwel laat mislei nie. Die eerste sonde op aarde was juis dat Adam en Eva die fokus van God af na hulleself toe verskuif het. In plaas daarvan dat dit wat God vir hulle gesê (die Woord) hulle lewens regeer het, het hulle eie begeertes die oorhand geneem.

In plaas daarvan dat hulle God as sentrum van hulle bestaan gedien het, wou hulleself die sentrum van hulle bestaan wees. Hierdie sondige geneigdheid van die mens het dwarsdeur die geskiedenis en tot vandag toe 'n geweldige impak om die kerk gemaak.

Die Here het die volk Israel uitgekies om sy kerk te wees en hulle aanstel om 'n lig vir die nasies te wees sodat die nasies ook in God kon glo. Sodra Hy hulle klaar uit Egipte gered het en hulle opgevoed het deur die Wet en die beproewinge in die woestyn, neem hulle die beloofde land in besit.

Ons lees egter in Rigters dat dit slegs een geslag geneem het vir die volk om van die Here te vergeet en selfgerig te lewe. Hierdie tendens het deurgaans voortgegaan met enkele tye in die geskiedenis waar die volk getrou was aan hulle roeping. Die uiteinde was dat Israel hulle roeping versaaak het en dat God weer opnuut moes begin om deur die koms van Jesus Christus sy kerk te leer hoe om waarlik na die Woord van God te luister en Christus as sentrum van die kerk te dien.

Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, hoor ons dat Paulus, ná sy eerste sendingreis, terugkeer na die gemeentes wat hy reeds geplant het. Die doel hiervan was om juis te gaan kyk hoe dit met hierdie gemeentes gaan waar Paulus en Barnabas die woord van die Here verkondig het (Handelinge 15:29). Wanneer ons dan lees hoe dit in daardie gemeentes gegaan het, hoor ons dat selfs hierdie nuwe gemeentes, die tweede geslag na Jesus Christus, gesukkel het om getrou te bly aan die Woord.

So gebeur dit ook vandag in ons kerklike lewe dat ons algaande allerhande eie instellings en gebruike in die plek van die Woord stel en so ons eie behoeftes bevredig dat ons ook vergeet om werklik na die Woord te luister en Christus as Koning van die Kerk te dien. Kom ons kyk 'n slag eerlik na waarom en hoekom ons sekere dinge doen en of dit nog in lyn is met hierdie bedieningsbeginsel.

Kom ons fokus dan hierdie week daarop om ons te bekeer na Christus en sy Woord.

Week 1, dag 1. Tema: Die Woord as dryfkrag vir ons persoonlike lewe.



2 Timoteus 3: 1 – 4: 8



- Wat is die dryfkrag van die “mense van die wêreld”? Hf 3: 4.
- Waaraan kan jy sien “wat” of “wie” iemand se lewe dryf?
- Wat is die verskil tussen “uiterlike skyn van godsdienst” en die “krag van godsdienst”?
- Wat is die dryfkrag van die gelowige se persoonlike lewe? Hf 3: 14 – 17.
- Hoe word die Woord die dryfkrag van jou lewe? Hf 3: 15
- Lees ook Efesiërs 3: 16. Hoe help God ons dat die Skrif die dryfkrag van ons lewe kan wees?
- Watter vrug lewer die gelowige wat die Woord as dryfkrag vir sy of haar persoonlike lewe het? Hf 4: 1-6
- Wat was die resultaat van hierdie dryfkrag in die lewe van Paulus? Hf 4: 7 – 8.

Die Woord en Gees is alleen die dryfkrag in my lewe wanneer ek opreg glo en in 'n persoonlike verhouding met Christus staan. Dit word duidelik in die vrugte wat ek dra. Nooit mag ons liefde vir onself of die begeerlike dinge van die wêreld ons dryfkrag word nie.



Bid dat God ons getrou maak om met Hom in sy Woord om te gaan en dat die Woord inderdaad die enigste bron van Waarheid vir ons sal wees.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Psalm 1, Hebreërs 4: 12 – 13, Joh. 6: 60 – 69.

Week 1, dag 2. Tema: Die Woord as dryfkrag vir die gemeente se lewe



Handelinge 2: 37 – 47



- Wat was Jesus se doel met sy intensiewe onderrig van die 12 apostels? Kyk in Handeling 1:3.
- Wat was Petrus besig om hier te doen en wat was die resultaat daarvan?
- Waarmee het die eerste gemeente hulle intensief besig gehou?
- Wat was die “leer van die apostels” en hoekom noem Lukas dit heel eerste?
- Lees nou Handeling 4: 27 - 31 en stel vas waarom die Woord die dryfkrag van ons gemeente moet wees.
- Lees Handeling 5: 40 – 6: 1. Wat gebeur met ‘n gemeente wat die Woord as sentrale dryfkrag hanteer?
- Wat gebeur as die Woord nie die dryfkrag van ‘n gemeente is nie? Kyk in Kolossense 2: 8 – 10 en 16 – 23.

Reg van die eerste gemeente af het die Woord sentraal gestaan as dryfkrag van die gemeentelike lewe. Alles is bepaal volgens wat Jesus sy dissipels geleer het en wat hulle in die Ou Testament gehad het. Met die Woord as dryfkrag het hulle mekaar geleer, beproewing en vervolging deurstaan en deur die verkondiging van die Woord aan ongelowiges het die gemeente gegroei.



Bid dat ons gemeente altyd eerste sal vra wat die Here in sy Woord vir ons sê en dat Hy ons daarvan sal bewaar om na ons eie begeertes en ander mense se dwalinge te luister.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: 1 Petrus 1: 22 – 2: 10 en 2 Petrus 1: 18 - 21

Week 1, dag 3. Tema: Christus, die sentrum van my lewe.



Filippense 3: 1 – 16



- Watter uiterlike dinge het eers in die sentrum van Paulus se lewe gestaan voordat hy Jesus ontmoet het?
- Watter verkeerde dinge kan ook vandag in die sentrum van ons geestelike lewe staan?
- Wat oortref alles in hierdie lewe? Wat is die belangrikste wat ons moet hê en wat in die sentrum van lewe moet staan?
- Waaruit kan ons aflei dat Paulus ook 'n worsteling gehad het om Christus as die sentrum van sy lewe te aanbid?
- Oordink die praktiese betekenis van die 4 “wense” wat Paulus in verband met Christus uitspreek in vers 10 en 11 en hoe jy dit kan najaag.
- Watter nuwe lewensingesteldheid kom by iemand wat Christus as die sentrum van sy of haar lewe aanbid? Verse 12 - 16

Die Skrif leer ons hier: as Christus nie in teorie en praktyk die sentrum van jou bestaan is nie, is jou lewe sinloos. Mag die ywer waarmee jy die Here dien wys dat Hy die sentrum van jou bestaan is.



Bely dat Christus nie altyd in die sentrum van ons bestaan is nie en wy jouself/ julleself weer opnuut aan Hom toe. Verklaar Hom as sentrum van jou/julle bestaan.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Kolossense 1: 15 – 18 en 2: 20 – 3:

Week 1, dag 4. Tema: Christus, die sentrum van die gemeente.



Efesiërs 1: 15 – 23



- Waarom is Christus die Hoof van die kerk?
- Wat beteken hierdie hoofskap van Christus in die praktyk van gemeente wees?
- Lees Efesiërs 2: 19 – 22. Wat beteken hierdie metafoor, naamlik dat Christus die “hoeksteen” van die kerk is, dat die hele gebou “in Hom saam sluit” en dat die hele gebou uit Hom “verrys”?
- Hoe maak ‘n gemeente in die praktyk van gemeente wees vir Christus die sentrum van hulle bestaan? Lees 2 Korintiërs 3: 18.

Christus het met sy dood en opstanding die kerk vir God gekoop en daarom het God Hom die Hoof van die kerk gemaak, die sentrum van hulle bestaan. As Verlosser en Bruidegom van die kerk moet Hy hulle een en al wees. Wanneer die gemeente in geheel streef om meer en meer soos Christus te word, dan staan Hy werklik in die sentrum van hulle bestaan.



† Bid dat Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha nie net met hulle mond Jesus as die sentrum van ons gemeente se bestaan sal bely nie, maar dat ons almal elke dag meer soos Hy sal word. Bid ook dat ons gemeentelike samekomste ‘n fees sal wees tot eer van ons Koning en Here.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Openbaring 1: 12 – 20 en hf 19: 5 – 10 en hf 20: 6 - 17

Week 1, dag 5. Tema: Christus, die sentrum van sy koninkryk.



Kolossense 1: 15 – 20 en Openbaring 1: 1 – 8



- Wat was die sentrale tema van Christus se prediking? Kyk in Matteus 4: 17.
- Wat is die betekenis van die sentrale tema van Christus se prediking in die lig van dié woorde in Kolossense: “Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping” en “sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem”? Oor wie het die prediking dus gegaan en hoe moet ons daarop reageer teenoor Christus?
- Wat is die verhouding tussen die kerk en die koninkryk en hoe bepaal dit ons siening van die wêreld rondom ons? Kyk Kol 1: 17 en 18.
- Wat lei ons uit Open 1 af met betrekking tot die posisie van Christus in hierdie wêreld?
- Hoe verander hierdie kennis my/ons daaglikse verhouding met Christus?
- Hoe verander die feit dat Jesus die Koning van die hele wêreld is my siening van my werk, my dorp, my land en die wêreld as my woonplek?

Die koninkryk van God beteken dat Christus koning is oor die hele wêreld en dat almal Hom as koning moet erken. In hierdie koninkryk gebruik God die kerk om Christus se heerskappy bekend te maak. Gelowiges se lewe moet wys dat hulle buig voor Christus se heerskappy en dat hulle toegewy is aan die taak dat elke mond sal bely dat Jesus die Here is en elke knie voor Hom sal buig.



Bid dat ons almal in die praktyk van ons lewe sal buig voor Christus se koninklike gesag oor ons en dat ons vanuit die kerk sy heerskappy sal verkondig sodat sy koninkryk ten volle kan kom.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Matteus 22: 1 – 14 en Matteus 24: 29 - 31.

Week 1 Groepsbyeenkoms

Tema: Die doel van 'n Woordgedrewe lewe en 'n Christus gesentreerde gemeente is dat ons soos Christus word en daardeur God verheerlik.

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3: 7 – 4: 6

Week 1 Erediens

Op Sondag, 18 Maart, bedien ds Karel die Woord uit Efesiërs 1:9 – 23.

Aantekeninge van die afgelope week se geloofsreis

Week 2

Dat Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha die persoonlike geloofsgroei van elke lidmaat bevorder

Ons het opgegroeï in die Gereformeerde kerk as deel van 'n mensgemaakte stelsel waarin ek as lidmaat vir die eerste 6 jaar eintlik ongesien en ongehoor in die kerk moet wees. Die oomblik wanneer ek na 'n staat- of privaatskool toe gaan, dan moet ek ook by die kerk onderrig ontvang. Hierdie onderrig is hoofsaaklik akademies van aard en spreek nie die emosionele of die praktiese uitlewing van my Christenskap aan nie.

Hierdie onderrig wat gerig moet wees op my geloofsgroei en volwassenheid loop dan hand aan hand met my skoolervaring en sodra ek in graad 12 kom dan word my formele geloofsonderrig ook gestaak met die aflê van my geloofsbelydenis. Die meeste lidmate beskou hulle geloofsgroei dan as afgehandel. Hulle sien belydenisaflegging as die eindpunt van geloofsgroei.

Dit is egter nie die prentjie wat ons in die Skrif kry van die gelowige se pad van geloofsgroei nie. Die Bybel teken vir ons 'n pad van geloofsgroei wat nooit ophou nie. Eers die dag as ek sterf het ek die eindpunt bereik. Met verskillende metafore word hierdie pad van geloofsgroei geïllustreer. So bv. in Psalm 1 waar die gelowige geteken word as 'n boom wat by 'n waterstroom geplant is en nooit ophou groei en vrugte dra nie. Psalm 92 neem hierdie beeld verder en teken vir ons die bejaarde gelowige wat in sy/haar ouderdom steeds toeneem in geloofskrag. So is ons ook deel van die liggaam van Christus wat as lewende organisme altyd moet groei en moet werk in die koninkryk van God (Efesiërs 4:13-15).

Die Here leer ons in Johannes 6 dat wanneer ons Hom as lewende water gedrink het, dan word ons ook strome wat lewende laat vloei. Die stroom kan tog nie ophou loop of opdroog nie. Dan is daar ernstige fout met my geloofslawe. Daar is nie so iets soos stagnasie nie. Wanneer 'n gelowige of gemeente stagneer tree die dood klaar in. So kom die Here Jesus dan ook by 'n vyeboom wat nie vrugte dra en vervloek dit as voorbeeld van gelowiges wat nie vir Hom vrug sou dra nie.

Ja, die Here roep ons op tot en gee aan ons die verantwoordelikheid van voordurende, doelbewuste geloofsgroei sodat ons geloofsvrug kan dra. Hy rus ons ook toe met die Heilige Gees wie se uitsluitlike werk dit is om ons in hierdie geloofsgroei te help en te begelei. Só praat die Heilige Gees van ons heiligmaking. Ons is in Christus geheilig, maar moet ook voortdurend verander om meer en meer soos Christus te word tot verheerliking van God.

Belydenisaflegging is dus eintlik maar net die wegspringblokke vir geloofsgroei. Tot dan is jy maar net ingelei in die basiese dinge van geloof, hoop en liefde. Daarna begin die harde werk om te groei tot eer van die Here. Kom ons kyk hoe die Here ons dit hierdie week leer.

Week 2, dag 1. Tema: Geloofsgroei begin wanneer ons ons sonde daaglik bely en ons bekeer.



Efesiërs 4: 17 – 24



- Wat doen my/ons sonde aan my/ons verhouding met God? Kyk in Romeine 7: 13 en Hosea 10: 13.
- Wat gebeur as ek nie eerlik is oor my sonde en dit bely nie? Psalm 32: 3- 4.
- Hoekom doen Paulus so ernstig beroep op die lidmate in Efese? Waarom is daar in my so stryd tussen sonde en gehoorsaamheid? Lees Romeine 7: 21 – 25.
- Wat gebeur tussen my en God as ek my sonde erken, bely en God om vergifnis vra? Kyk in Psalm 51.
- Watter rol speel Christus in die herstel van my verhouding met God en my geloofsgroei?
- Waar begin geloofsgroei volgens Paulus in Ef. 4: 22 en hoe word dit voortgesit in verse 23 en 24?
- Bespreek die praktiese implikasies van hierdie verse vir elke dag se geloofsgroei in God.

Sonde en onbekeerdheid blokkeer geloofsgroei. Ons kan nie groei tensy ons nie erns maak met sondebelydenis en bekering nie. So moet 'n gemeente ook saam "gemeentelike sondes" bely en bekeer voordat die gemeente kan groei.



Bely nou jou/julle sonde voor God, vra om vergifnis en begin om nuut te lewe. Bid ook dat die Heilige Gees jou/julle denke en gees vernuwe en heilig maak.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: 1 Johannes 1: 5 – 2: 6, Romeine 12:1-2

Week 2, dag 2. Tema: Fokus op die Heilige Gees in jou soeke na geloofsgroei want Hy bewerk groei.



Efesiërs 4: 30 en 5: 18 – 20.



- Hoe bedroef ons die Heilige Gees? Kyk na die konteks waarbinne Efesiërs 4: 30 geskryf staan. Lees ook Galasiërs 5: 16 – 18.
- Hoe ontvang Christene die Heilige Gees en wat doen Hy in hulle lewe? Kyk in Romeine 8: 9 – 11.
- Hoe word ons vervul met die Heilige Gees? Kyk in Lukas 11: 9 – 13 en Heidelbergse Kategismus Sondag 45.
- Wat is die vrug van die Gees se werk in ons lewe? Kyk in Galasiërs 5: 22 – 25.
- Dink na oor die betekenis van Paulus se vergelyking in Ef. 5: 18 – 20 tussen iemand wat “vol” van drank is en iemand wat vol van die Gees is. Wie is in beheer en wat is die resultaat daarvan?
- Watter sigbare kenmerke kan gesien word as ‘n gemeente ‘n Geesvervulde gemeente is? Vers 19 – 20.
- Watter troos vind ons in die wete dat die Heilige Gees in ons woon, wanneer ons teen die sonde stry? Romeine 8: 26.

Die Heilige Gees bewerk geloofsgroei in die gelowige. Hy bring nuwe lewe en lei ons op die pad van die nuwe lewe deur gehoorsaamheid aan God. Ons ontvang die Heilige Gees eenmaal as gawe van God maar moet ook volhardend bid vir voortdurende vervulling van die Gees omdat ons sonde die Gees bedroef en sy werk teëstaan.





Bid nou om vervulling van die Gees en stel jou/julle by wyse van gebed gewillig onder sy leiding.

Ander gedeeltes wat die tema belig: Romeine 8 en Johannes 14: 15 – 26 en 16: 5 - 15

Week 2, dag 3. Tema: Geloofsgroei is egter ook jou/ons eie verantwoordelikheid.



2 Petrus 1: 1 – 11



- Watter geweldige waarheid word in vers 3a beklemtoon? Hoe hou dit verband met gister se tema?
- Hoekom het ons in die lig van vers 4 geen wettige verskoning waarom ons nie groei in ons geloof nie?
- Wat sou dit beteken om “deel te kry aan die Goddelike natuur”?
- Hoe kry ons deel aan die Goddelike natuur? Watter verantwoordelikheid beklemtoon vers 5?
- Bespreek elke aspek van die geloofsgroei-elemente in verse 5 – 7 en hoe jy/julle dit prakties kan oefen.
- Wat leer vers 8 ons oor die feit van geloofsgroei en die vrug daarvan?
- Wat leer hierdie gedeelte aan ons oor die ywer vir en toewyding aan geloofsgroei wat ons behoort te hê? Kyk ook vers 10.
- Wanneer en wat is die wonderlike eindpunt van ons geloofsgroei.

God laat ons nooit sonder verantwoordelikheid nie. Alhoewel geloofsgroei die werk van die Heilige Gees is, wil die Gees dit saam met my bewerk. Ek het 'n geweldige verantwoordelikheid tot my eie geloofsgroei en moet dit met grootste ywer en toewyding aanpak. Dit bring my nader aan Christus en maak die finale ontmoeting met God soveel ryker en heerliker.





Besluit nou biddend wat jy/julle prakties gaan doen aan jou/julle geloofsgroei.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Hebreërs 2: 1 – 4 en 5: 11 – 6: 12

Week 2, dag 4. Tema: Ons gemeente se geestelike leiers moet lidmate se geloofsgroei bevorder.



Efesiërs 4: 11 – 16. Fokusverse 11 – 13.



- Kyk of jy/julle 7 woorde in hierdie Skrifgedeelte kan identifiseer wat dui op die geestelike groei wat gemeentelike leiers moet ervaar.
- Wat is God se doel met die geestelike leiers wat Hy aan 'n gemeente gee? Vers 12
- In watter mate vervul/ faal ons gemeente se predikant, ouderlinge en diakens hierdie opdrag van die Here?
- Wat is volgens vers 15 die twee groeistimulante wat die gemeentelike leiers moet bedien om hierdie groei te bewerkstellig?
- Watter rol speel die lidmate in die geloofsgroei van die gemeente volgens vers 16?
- Wat gebeur met die gemeente se geloofsgroei as 1 lidmaat nie sy of haar rol tot groei vervul nie? Lees ook 1 Korintiërs 12: 14 – 27.
- Dink na oor jou/julle gewilligheid om deur die leiers begelei te word en identifiseer geleenthede wat jy/julle meer kan benut om julle geloofsgroei te bevorder.

Een van die belangrikste take van die geestelike leiers van die gemeente is om te sorg dat die lidmate geestelik groei. Hierdie begeleiding tot geestelike groei moet die intensionele verantwoordelikheid wees van elke predikant, ouderling en diaken. Lidmate het die verantwoordelikheid om hulle te laat toerus en elkeen moet sy of haar eie groei bevorder want so groei die hele gemeente.



Bid vir ons gemeente se leiers dat hulle hierdie opdrag van die Here getrou sal nakom ter wille van ons almal se geestelike groei.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Handeling 6: 1 – 7 en Hd. 20: 17 – 38 en 2 Timoteus 2: 2.

Week 2, dag 5. Tema: Ons gemeentelike lewe moet as groeistimulant vir elke lidmaat dien.



Efesiërs 4: 11 – 16 . Fokusverse 15 – 16.



- Ons het reeds gister gesien dat die Here twee groeistimulante gee waarmee die leiers die gemeente se geloofsgroei moet bevorder. Oordink hoe “waarheid” as groeistimulant in die praktyk van ons gemeentelike lewe bedien kan word.
- Op watter praktiese wyses kan “liefde” as groeistimulant in ons gemeente deur die leiers aangewend word?
- Wat gebeur as ons net op die waarheid fokus en die liefde onder-beklemtoon?
- Wat gebeur as ons net liefde bevorder en nie aan die waarheid vashou nie?
- Eenheid in die gemeente word ook as sterk groeistimulant aangedui. Die gemeente moet “een wees in geloof en kennis”. Beleef jy/julle ons gemeente as ‘n hegte eenheid en wat kan gedoen word om hierdie eenheid in geloof en kennis te bevorder tot geestelike groei van elke lidmaat?
- Wat kan jy/julle prakties doen om die eenheid van die gemeente te bevorder?

Ons gemeentelike lewe moet bevorderlik wees vir groei. Al ons byeenkomste en aktiwiteite moet die groei van elke lidmaat in gedagte hou. Meer fokus sal geplaas moet word op die gebalanseerde bevordering van waarheid en liefde. Wanneer almal in die gemeente op Christus fokus kom eenheid en groei.



Bid dat ons leiers wysheid van God kry om waarheid en liefde in Christus gefokus te hou in die praktiese uitlewing van ons geloofsgroei.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Romeine 12: 1 – 8 en 1 Korintiërs 12 - 14

Week 2 Kleingroep/gespreksgroep/Bybelstudiegroep

Tema: Geloofsgroei gebeur veral wanneer lidmate ander mense dien.

Skrifgedeelte: Lukas 10: 1 – 21. Fokusverse 17 – 21.

Week 2 Erediens

Op Sondag, 25 Maart bedien ds Karel vir ons die Woord uit Efesiërs 2:1-10.

Aantekeninge van die afgelope week se geloofsreis

BREEK VIR DIE VAKAKNSIE EN LANGNAWEKE

Week 3

Dat Vredenburg/Saldanha 'n biddende gemeente sal wees.

By al die mooi dinge wat die Gereformeerde kerke deur die jare gedoen het, ontbreek daar egter 'n Skriftuurlike gebedsbediening. Uit reaksie teenoor ander geloofsgroepe wat in die verlede gebed verkeerd bedien en gebruik het in hulle verhouding met die Here, het die Gereformeerde kerk 'n skraal gebedslewe.

Lees ons egter ons Belydenisskrifte - wat ook al eeue oud is - dan sien jy egter die teendeel. Sondag 45 van die Heidelbergse Kategismus stel die volgende vraag: "Waarom is die gebed vir Christene nodig?" Die pragtige antwoord is dan: "Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugting sonder ophou daarom bid en daarvoor dank".

Hoekom het ons dit deur al die jare misgelees of met opset nie gedoen nie? Die bewys van gelowiges se dankbaarheidslewe word tradisioneel in die kerk gemeet aan die hoeveelheid eredienste hulle bywoon, hoeveel geld hulle as dankoffers gee en op watter vlakke hulle betrokke is in die gemeente. Natuurlik is hierdie dinge ook belangrik, maar lees jy die Heidelbergse Kategismus en die Bybel dan sien jy 'n ander maatstaf: die belangrikste bewys van ons dankbaarheid is my/die kerk se getroue gebedslewe.

Ons het deur die jare – as oorblyfsel van die Roomse gebruike in ons tradisie - gebed veramptelik. Dis net die predikant of ouderling wat in die erediens mag bid. Ons het gebed – sonder enige voorskrif in die Bybel - verskraal tot twee keer per erediens. Gebed het vir ons ook 'n meganiese gebruik geword waarmee ons vergaderings, gemeentelike byeenkoms, Bybelstudie ens. "open" en "afsluit". Hierteenoor lees ons in die Bybel van Jesus Christus wat 'n innige gebedslewe met sy Vader onderhou het en sy dissipels so geleer het. Ons lees van gemeentes wat "eensgesind volhard in gebed". Van gelowiges wat saam gekom het om te bid – selfs dwarsdeur die nag. Van gelowiges wat vir mekaar gebid het en ook gevas het om hulle toewyding in gebed te toon. Die Here gee aan die predikante en ouderlinge gebed as 'n baie spesifieke bedieningsopdrag. Hoe maak ons geestelike leiers dit praktyk in hulle persoonlike lewe en as 'n bediening in die gemeente?

Die kerkgeskiedenis toon ook dat die grootste tye van geestelike herlewing en groei vooraf gegaan en gepaard gegaan het met volhardende gebed deur die kerk. Moderne gemeentes wat groei getuig dat 'n Skriftuurlike gebedsbediening baie bydrae tot die groei van die kerk. Hoekom bid ons dan so min? Hoekom kom Gereformeerdes nie meermale bymekaar om spesifiek saam te bid nie? Waarom het ons gebed geprivatiseer en is so min gelowiges en selfs geestelike leiers nie meer bereid om in die openbaar te bid nie?

Kom ons leer hierdie week om weer as gelowiges en gemeente waarlik te bid.

Week 3, dag 1. Tema: Gebed is ons sterkste wapen. Hoekom gebruik ons dit so min?



Efesiërs 6: 10 – 20



- Nadat Paulus die eerste 6 wapens in die wapenarsenaal van die gelowige beskryf het, vat hy alles saam in vers 18 met die 7 de en laaste wapenrusting nl. gebed. Oordink wat die betekenis is van die manier waarop Paulus hierdie vers opteken. Kyk bv. na die woorde “doen dit alles biddend” en “smeek God by elke geleentheid” en “bid gedurig”. Wat wil die Here hiermee vir ons sê oor gebed as ons sterkste wapen?
- Waarom sou die apostel Paulus in verse 19 en 20 twee keer vir die lidmate van die gemeente in Efese vra om spesifiek vir hom te bid? Wat het Paulus van die krag van gebed verstaan?
- Hoe gereeld dink jy/julle regtig oor gebed en die rol en krag daarvan in jou/julle lewe?
- Hoekom sou jy/julle sê dat ons gemeente ‘n biddende gemeente / nie ‘n biddende gemeente is nie?
- Wat kan ons doen om die faktore wat ‘n rol speel in die algemene gebrek aan gebed in ons persoonlike en kerklike lewe weg te vat?

Gebed is die laaste en allesomvattende wapen wat God aan ons gee in ons stryd hier op aarde. Die krag van gebed lê nie in ons nie, maar in Hom wat gebede verhoor. Gebed ontsluit die krag van God in ons lewe en juis daarom moet ons dit gebruik in ons persoonlike en gemeentelike lewe.



Bid dat God vir jou/julle die krag van gebed deur sy Woord en deur persoonlike ervaring sal openbaar.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Matteus 6: 5 – 15, Jakobus 1: 2 – 8 en Openbaring 8: 1 – 5.

Week 3, dag 2. Tema: Elke lidmaat moet meer getrou bly bid.



1 Tessalonisense 5: 17 en Psalm 27.



- Hoe verstaan jy/julle die opdrag van 1 Tes 5: 17 en hoe sal jy/julle dit prakties in jou/jul lewe en in ons gemeentelike lewe uitvoer?
- Hoe word die opdrag van hierdie vers duidelik in die tyd, aandag en toewyding wat jy/julle daaglik aan gebed spandeer?
 - Wanneer laas het God een van jou/julle gebede verhoor?
 - Wat leer Psalm 27 ons oor geloofsvertroue en ons gebede?
 - Wat kan ons uit die Psalm aflei oor die aard van die verhouding tussen die bidder en die Here? Kyk veral in vers 4 en 10.
 - Hoe is dit vir jou moontlik om ook so 'n verhouding met God te hê?

Die Bybel is propvol opdragte oor 'n gelowige se gebedslewe. God beklemtoon dit deurgaans dat ons 'n volhardende, vertrouensvolle, biddende lewe sal lei. Psalm 27 toon aan dat biddende omgang met die Here een van die doelbewuste fokuspunte van ons lewe moet wees en daarom moet elkeen van ons erns maak om dit van harte uit te leef. Gebed kweek hoop, geloofskrag en geestelike lewenskragtigheid.



Spandeer vandag meer tyd aan jou/julle gebed.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Daniël 6, Markus 1: 35, Matteus 26: 36 – 46 en Hebreërs 13: 18 – 19.

Week 3, dag 3. Tema: God stort sy seën uit oor gelowiges wat getrou bid.



1 Kronieke 4: 9 – 10, Matteus 7: 7 – 11 en Handeling 4: 23 – 31



- Wat is die konkrete waarheid wat die Here ons met Jabes se gebed en die woorde van Matteus 7: 7 en 8 leer?
- Hoekom sukkel baie gelowiges om hierdie waarheid te aanvaar?
- Hoe toon jou gebede dat jy hierdie waarheid aanvaar vir jou/julle gebedslewe?
- Lees Johannes 16: 23 – 24. Wat sou die kwalifikasie “in my Naam” beteken en hoe hou dit verband met die waarheid van Matteus 7?
- Hoe kan ons die vervulling van hierdie waarheid sien in die gebeure in die eerste gemeente van Jerusalem in Handeling 4. Waarvoor het hulle gebid en wat was die antwoord van God?
- Watter geweldige belofte hou hierdie woorde dus in wanneer ‘n gelowige en gemeente bid volgens die wil van God?
- Dink jy/julle dat God dit vandag nog so sal doen? Motiveer jou antwoord.

Die Here gee ryke seëninge aan gelowiges (bv. Jabes, Daniël) en gemeentes wat volhardend bid. Hierdie gebede moet egter getrou wees aan God se wil soos dit in Jesus geopenbaar is. Gelowiges en gemeentes wat getrou bid sal die vrug daarvan ervaar! God is getrou en altyd dieselfde – Hy beantwoord vandag nog net so getrou sy kinders se gebede.



Bid vandag met ‘n vaste geloof dat die Here vir jou/julle sal gee wat julle vra volgens sy Woord en wil.

Week 3, dag 4. Tema: Gebed as lewenswyse vir ons gemeente.



Handelinge 1: 14 en 24 – 26, Hand 2: 42 – 47, Hand 3: 1, Hand 6: 1 - 7



- Wat kan ons uit hierdie Skrifgedeeltes aflei oor die eerste gemeente se verstaan van die rol van gebed en hoe hulle dit in verskillende situasies toegepas het.
- Wat beteken die woorde “ Hulle het almal eensgesind volhard in gebed saam met vroue...”? Bespreek hoe dit prakties in ons gemeente se gebedslewe toegepas behoort te word om ons gebedslewe te versterk en te verryk. Dink aan ons eredienste en ander aktiwiteite of gebrek aan aktiwiteite.
- Wat kan ons uit Hand 3: 1 aflei oor die leiers van die eerste gemeente se gebedslewe?
- Hoe kan ons gemeente se leiers 'n sterker rol speel om van ons gemeente 'n ware biddende gemeente te maak? Kyk ook na Hand 6: 4.
- Hoe kan lidmate 'n bydrae lewer sodat ons eredienstegebede verryk en verdiep kan word?
- Sou jy/julle dalk bereid wees om vir ons gemeente 'n gebedskalender op te stel wat ons elke week in Die Mosterdsaadjie kan plaas?

Dit is baie duidelik dat die eerste gemeente die krag en rol van gebed verstaan het en dit baie toegewyd toegepas het om al die aspekte van die gemeentelike lewe. Dit is dan ook die rede waarom hierdie gemeente so gegroei het en groot beproewinge kon deurstaan. Ons kerk het egter hierdie opdrag van die Here nog nie na behore deel van ons gemeentelike lewe gemaak nie en ons sal hier tot bekering moet kom. Gebed is 'n voorvereiste van geestelike en getalle groei.





Vra die Here om ons gemeente te help en te lei om waarlik 'n biddende gemeente te word.

Week 3, dag 5. Tema: Kom ons bid.

Ons wyk vandag van die normale werkswyse af om meer tyd te spandeer aan die uitvoering van hierdie week se tema. Ons gaan vandag volhardend saam bid.

Neem 'n oomblik om na te dink oor die dinge wat jy/julle graag in die gebed voor die Here wil neerlê. Skryf dit selfs neer as 'n gebedslysie.

Dink bv aan:

- Waaroor jy die Here wil loof en prys vir wie Hy is en wat Hy doen; Bv. dinge wat jy in die Bybel oor God gelees het wat vir jou aangrypend is. (Lofprysing/aanbidding)
- Waaroor jy vir die Here dankie wil sê; (Danksegging)
- Watter sonde jy wil bely en om vergifnis wil vra;(Verootmoediging)
- Voorbidding: wat julle vir die Here wil vra vir jou/julle as gesin, vir familie of vriende, vir die gemeente, vir die gemeenskap, vir die kerk in die hele wêreld, vir die uitbreiding van God se koninkryk, vir siekes, behoeftiges, ens.

Indien julle meer as een is, gee vir die ander lede van die gesin ook kans om saam te bid in hierdie gebed. Besluit vooraf wie sal oor wat bid of iemand kan bloot tydens die gebed vra of iemand oor iets wat op die lysie is wil bid.

Moenie haastig wees met die gebed nie. Praat rustig met die Here en stort jou/julle hart voor Hom uit.

Bid nou saam.



Week 3 Kleingroep/ gespreksgroep/Bybelstudiegroep

Tema: Hoe lyk 'n biddende gemeente?

Skrifgedeeltes: Handeling 1:14 en 2:1; Handeling 1:24-26; Handeling 2:42-47; Handeling 4:23-31; Handeling 6:1-6; Handeling 12:4-8, 12; Handeling 13:2-3; Handeling 14:23, 26; Handeling 26:29

Week 3 Erediens

Op Sondag, 15 April, bedien ds Karel vir ons die Woord oor gebed uit Efesiërs 3: 14 -21.

Aantekeninge van die afgelope week se geloofsreis

Week 4

Dat Vredenburg/Saldanha leiers vir vandag en more ontwikkel

God het sy kerk reg van die begin af met leiers bedien. Dit begin by Abraham, Isak en Jakob, Josef, Moses, Elia, Johannes die Doper, die apostels en na hulle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord en ander lidmate wat as leiers opgetree het.

Leierskap was nog altyd 'n belangrike deel van ons Gereformeerde kerklike lewe. Dit word ook in ons belydenisskrifte vasgelê (NGB art 30 en 31). Tradisioneel is die predikant gesien as leier van die gemeente veral vanuit sy opdrag om die Woord te bedien. Saam met die ouderlinge vorm hulle die geroepe leierskap om die gemeente te lei.

Die leierskaprol wat deur die jare aan die predikant toegesê is, het algaande skeefgetrek geword. Gemeentes het predikantskerke geword waar die predikant in alle situasies en omstandighede leiding moet gee. Hierdie ontwikkeling het die leierskapsrol van ouderlinge, diakens en lidmate verskraal. Baie Gereformeerde lidmate koppel leierskap aan die besondere dienste (ouderling, predikant en diaken) en besef nie dat enige lidmaat in die gemeente - aan wie die Here die gawe van leierskap gee - ook op verskillende vlakke as leier kan optree sonder om in 'n besondere diens te staan nie.

Hierdie ontwikkeling het ook tot gevolg dat die rol en plek van lidmate in die gemeente verskraal het omdat daar gedink word dat die ampsdraers eintlik die werk in die gemeente moet doen en lidmate passief is en net bedien word.

Vandag beleef die kerk wêreldwyd 'n krisis met betrekking tot leierskap. Al hoe minder lidmate wil as leiers dien, selfs al het hulle die gawe. Die vereistes wat gewoonlik gestel word om iemand te kies stem dikwels nie meer ooreen met die Skrif se vereistes nie. Geestelike leierskap het ander eienskappe as wêreldse leierskap. Geestelike leierskap het nie te doen met geleerdheid, besondere vaardighede of kennis nie. Geestelike leierskap het meer te doen met die karakter, geloof en voorbeeld wat mens uitstraal en bedien. So het die Here, met die aanwysing van Dawid as koning, vir die profeet Samuel geleer dat Hy na die geestelike kwaliteite kyk en nie na uiterlike gawes nie. Die Skrif leer ons ook dat die Here diegene wat Hy roep toerus met die gawes wat hulle nodig het.

Ons gemeente beleef ook 'n leierskapskrisis vanweë baie redes. Voortdurende verandering in leierskap is nie opbouend vir 'n gemeente se geloofsgroei nie. Leiers kry dan nie tyd om behoorlike verhoudinge met die gemeente te vorm en sodoende waarlik te kan dien nie.

Daarom fokus ons hierdie week op geestelike leierskap sodat ons huidige leiers hulle dienswerk beter kan doen en ons leiers vir môre kan kweek.

Week 4, dag 1. Tema: Leierskap is 'n gawe van God aan ons gemeente.



Romeine 12: 3 – 8.



- Wat leer die Here ons in hierdie verse oor die rol en plek van elke lidmaat in die gemeente?
- Hoe het God die gawes wat Hy aan mense gee tot diens in die gemeente saamgestel?
- Hoekom is leierskap nie 'n belangriker gawe as al die ander gawes nie?
- Hoekom kan 'n gemeente nie sonder leiers funksioneer nie? Dink hier aan die rol wat bv. Moses, Josua, Nehemia, Petrus en Paulus in die kerk gespeel het. Hoekom het God hulle so gebruik?
- Is leierskap gelyk aan 'n "amp"? M.a.w. moet iemand 'n predikant, ouderling of diaken wees om as leier in die gemeente te kan funksioneer? Waarom sê jy/julle so?
- Hoekom dink jy/julle is daar vandag so 'n tekort aan geestelike leiers in ons gemeente?
- Lees Hebreërs 13: 17 – 19 en oordink wat die verantwoordelikheid van lidmate teenoor die leiers van hulle gemeente is.

Leierskap is 'n gawe van God aan ons gemeente om die gemeente na Christus toe te lei. Dis 'n gawe wat net so uniek uitgedeel word aan mense soos enige ander gawe en daarom kan nie almal leiers wees nie. 'n Gemeente kan ook nie sonder leiers behoorlik funksioneer nie. Leierskap is egter nie gelyk daaraan om 'n amp te beklee nie en 'n lidmaat kan 'n sterk geestelike leier wees sonder om in 'n amp te staan. Lidmate het die verantwoordelikheid om die goeie leiding van leiers te volg en moet ook vir gemeentelike leiers bid.



† Bid vandag vir elke geestelike leier in die gemeente. Bid dat God kragtig deur hulle die gemeente na Hom toe sal lei.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Eksodus 18: 12 – 26 en Markus 3: 13 – 19 en 1 Tessalonisense 5: 12 – 13.

Week 4, dag 2. Tema: Ons gemeente se leiers moet dien en nie heers nie.



Markus 10: 32 – 45



- Wat se tipe leiersposisie het Jakobus en Johannes begeer?
- Wat leer ons oor ons sondige aard uit die reaksie van die ander 10 dissipels in vers 41.
- Watter verskil trek Jesus in verse 42 – 44 tussen geestelike leiers en leiers van die samelewing?
- Hoe sou 'n geestelike leier vandag wou baasspeel of sy/haar mag misbruik in die kerk?
- Wat sou die praktiese betekenis wees van die beginsel wat Jesus stel vir geestelike leiers naamlik dat hulle die mense wat hulle lei se “dienaars” (bediendes) moet wees?
- Wat hou hierdie dienskarakter in vir iemand wat die gemeente so wil lei? Kyk in vers 45.
- Watter offers moet geestelike leiers vandag bring om “bediendes” van die gemeente te wees?

Geestelike leiers lei nie deur oor die gemeentelede te heers nie, maar deur hulle te dien met die Woord van God. Dit vra selfverloëning en opoffering van eie tyd en eie belange. Geestelike leiers lei nie met dwang nie maar deur die Woord en Gees. Dit beteken nie dat geestelike leiers soms ook streng moet optree om iemand te red of om ter wille van die eer van God op te tree nie.



Bid dat die Here geestelike leiers aan ons gemeente sal voorsien wat na die voorbeeld van Jesus sal dien en opoffer.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Numeri 13 en 1 Petrus 5: 1 - 4

Week 4, dag 3. Tema: Geestelike leiers dryf nie hulle eie doelwitte nie, maar lei die gemeente om Christus te volg en God te verheerlik.



1 Korintiërs 1: 10 – 17 en 2: 1 – 5

- In die lig van hierdie tekste dink na oor hoe die doelwitte van 'n besturende direkteur van 'n maatskappy en die van 'n geestelike leier van 'n gemeente verskil.



- Met watter gesag lei 'n geestelike leier die gemeente?
- Wat moet die onderlinge verhouding tussen die geestelike leiers van die gemeente wees (vergelyk 1 Korintiërs 3:5-9)?
- Hoe moet lidmate die uiteenlopende werk van verskillende geestelike leiers in die gemeente sien?
- Wat behoort dus die geloofsvormende eienskap van elke geestelike leier van ons gemeente te wees in die lig van Paulus se voorbeeld (1 Korintiërs 2:3-5)?

Geestelike leiers lei ons nie soos 'n demokrasie na die wil van die gemeente nie. Geestelike leiers lei ook nie aan die hand van hulle eie doelwitte en voorkeure nie. Hulle lei ons aan die hand van God se doelwitte. Hulle bedien slegs Christus se gesag om ons onder sy heerskappy te stel en ons te lei tot 'n lewe wat God verheerlik. Hiervoor gebruik die Here verskillende leiers in 'n gemeente wat as medewerkers van God met mekaar moet saamwerk.



Bid dat die Here ons gemeente se leiers sal bewaar van eiewilligheid, van die soeke na eie belang en dat die Heilige Gees kragtig in en deur hulle sal werk.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Efesiërs 2: 19 – 22.

Week 4, dag 4 Geestelike leiers se eie lewe moet tot voorbeeld wees vir die gemeente.



Titus 1: 5 – 9 en 2: 7 - 8 en 1 Timoteus 1: 6-8



- Hoekom word daar in Titus 1 niks gesê oor die vaardighede wat iemand moet hê om 'n ouderlinge te wees nie?
- Waarop word die klem gelê as daar in hierdie verse gepraat word oor die vereistes om as ouderling 'n geestelike leier van die gemeente te wees?
- Watter impak maak dit op 'n geestelike leier se eie verhouding met die Here by die besef dat hy/sy deur sy/haar voorbeeld ander mense moet leiding gee en inspireer?
- Hoe moet geestelike leiers dan binne en buite die gemeente optree in die lig van hierdie opdrag?
- Dink aan die geestelike leiers van ons gemeente. Wie se voorbeeld sou jy wou volg?
- Hoekom moet hierdie geweldige verantwoordelikheid nie mense afskrik om geestelike leiers te word as die Here hulle roep nie? Kyk in 1 Tim 1: 6 – 8.

Die Here Jesus het met sy lewe vir ons die voorbeeld gestel hoe om God te dien. Hy verwag dieselfde van ons – in besonder van hulle wat Hy as leiers in die gemeente roep. Daar rus dus 'n heerlike verantwoordelikheid op leiers om altyd só te lewe dat ander hulle voorbeeld kan volg. Niemand moet vir hierdie verantwoordelikheid terugdeins nie want die Here rus jou toe om dit te kan doen. Leiers moet dus besonder naby aan die Here leef en baie bid.



Bid dat die Here ons geestelike leiers sal bewaar van versoekinge en verleidinge en dat die Heilige Gees hulle sal help om vir ons tot voorbeeld te wees hoe om die Here te dien.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: 1 Timoteus 3 en 4

Week 4, dag 5. Tema: Elke gelowige moet ook 'n geestelike leier (mentor) vir iemand anders in sy/haar lewe wees.



2 Korintiërs 2: 14 – 17; Filippense 2: 12 – 16 en 1 Timoteus 1: 1,2.

- Waartoe lei die geur van ons lewe wat voor ander mense as wierook gebrand word (2 Korintiërs 2:14-17)?
- Waartoe roep Paulus die lidmate van die gemeente in Filippi op in Filippense 2: 15 en watter betekenis het dit vir jou vandag?
- Paulus noem vir Timoteus sy geestelike kind, omdat Paulus tot 'n groot mate verantwoordelikheid geneem het vir Timoteus se geestelike groei en vorming. Wie in jou onmiddellike omgewing is "jou kinders in die geloof" vir wie jy 'n geestelike pa of ma is?
- Wie is die mense in jou onmiddellike omgewing vir wie jy 'n geestelike mentor behoort te wees?
- Hoe verander hierdie opdrag van die Here jou siening van hoe jy elke dag moet lewe?

Elke gelowige is 'n geestelike leier in eie reg in die lewenswêreld waar God jou plaas. Jou woorde en dade moet vir ander 'n voorbeeld wees wat hulle na God toe kan lei. Dit begin in die huis as huweliksmaats vir mekaar, as ouers vir kinders, as kinders vir ouers, as kollega by die werk, as vriende teenoor mekaar, as medegelowiges en teenoor die ongelowige met wie jy te doen kry.



Vra die Here om iemand op jou pad te plaas wat jy geestelik kan begelei.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Genesis 12; 1 – 3, 1 Konings 10, Psalm 67

Week 4 Kleingroep/gespreksgroep/Bybelstudiegroep

Tema: Mentorskap as opleidingsmodel vir ons geestelike leiers

Skrifgedeeltes: Matteus 4: 17 – 25 en Matteus 10: 1 – 8.

Week 4 Erediens

Sondag, 22 April bedien ds Karel vir ons die Woord uit Handeling 20:17-38.

Aantekening van die afgelope week se geloofreis

Week 5

Dat Vredenburg/Saldanha lidmate saambind in opbouende onderlinge verbondenheid.

Een van die sterkste en mooi karaktereenskappe van ons gemeente is die opregte en liefdevolle ondersteuning van lidmate aan mekaar. Besoekers meld gereeld die gasvryheid en ontspanne atmosfeer wat in die gemeente heers.

Lidmate wat deur beproewinge gaan getuig oor en oor van die wonderlike ondersteuning, belangstelling en voorbidding wat hulle ervaar in moeilike tye. Ons dank die Here vir hierdie mooi onderlinge verbondenheid en meelewing wat reeds in ons gemeente gevestig is en onderhou word.

Ons vertrou egter dat ons gemeente in die komende jare gaan groei - nie net in geloof nie maar ook in getalle. Dit bring mee dat daar al hoe meer "vreemde" gesigte by ons gaan aansluit en dat daar al hoe meer nuwe lidmate verwelkom gaan word. Hoe groter die gemeente word, hoe moeiliker word dit om hierdie sterk band van onderlinge verbondenheid en meelewing te onderhou. Ons kan dit toeskryf aan die ou spreekwoord: onbekend maak onbeminde.

Die gevolg hiervan is dat dit maklik kan gebeur dat nuwe lidmate vereensaam en dat dit selfs voel asof hulle nie welkom is by ons gemeente nie. Indien ons as gemeente voorbereid wil wees om hierdie probleem te voorkom, sal ons nuut en innoverend moet dink oor die wyse waarop ons Sondae ons byeenkomste reël. Ons sal ook meer moet doen om op ander kreatiewe wyses lidmate gedurende die week bymekaar uit te bring sodat ons almal mekaar weer kan leer ken.

Nuwe strukture en organisering gaan egter nie die probleem alleen oplos nie. Dit sal alleen suksesvol wees as elke lidmaat weer opnuut besef wat jou verantwoordelikheid beteken wanneer ons mekaar broers en susters noem. Ons sal opnuut die Here se liefde vir ons moet raaksien om sodoende daardie liefde in sterk bande van onderlinge verbondenheid en meelewing aan mekaar uit te deel. Die Here het immers nie verniet gesê dat die grootste gebod wat ons moet vervul is om ons naaste lief te hê soos onself nie.

Kom ons kyk hierdie week na hierdie belangrike kernopdrag van die Here aan ons en hoe ons die reeds bestaande nog sterker, inniger en wyer kan maak.

Week 5, dag 1. Tema: Christenwees = deel-van-'n-gemeente-wees.



Efesiërs 1 : 18 – 23 en hf 2: 17 – 22 en 4: 1 – 6



Daar is baie gelowiges wat hulle vandag van die kerk losmaak en nie meer deel van die kerklike lewe wil wees nie. Hoe sal jy/julle iemand uit bogenoemde teksverse begelei om te verstaan dat hulle - as gelowiges - deel van 'n kerklike gemeenskap moet wees. Wenke vir jou gesprek:

- Die kerk is volgens 1: 23 die liggaam van Christus. Kan 'n ledemaat los van 'n liggaam funksioneer?
- Kan jy, indien jy los van die kerk leef, die “die volheid van Hom (Christus)” beleef?
- Hoe dra Efesiërs 2: 19 en 22 by tot hierdie gesprek?
- Wat is die betekenis van die lering in Efesiërs 4: 3 – 6 dat ons die “eenheid” moet soek in die gemeenskap van die gelowiges omdat God net Een is? Watter impak maak hierdie “gesprek” met 'n buite-kerklike op jou verhouding met Gereformeerde Kerk Vredenburg/Saldanha? Hoe moet jy jou “lidmaat wees” beoordeel en bevorder in die lig van wat die Here hier leer?

Daar is geen teenstelling tussen gelowig-wees en deel-van-die-kerk-wees nie. Dit is 'n sondige siening. Die kerk is die Bruid van Christus, dit is sy liggaam van wie Hy die Hoof is en in wie Hy met sy volheid woon. Elke gelowige het dus die verpligting om deel te wees van die kerklike gemeenskap en só Christus en sy/haar medegelowiges te dien.



Dank die Here dat jy/julle deel van 'n gemeente kan wees en wy jou/julle toe aan die diens van die Here in hierdie gemeente.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: 1 Korintiërs 12, Openbaring 19: 5 - 10

Week 5, dag 2. Tema: Ook jy/julle het 'n plek en taak in ons gemeente.



1 Korintiërs 12 : 1 – 31



Dit is 'n hartseer feit dat baie lidmate “geestelike verbruikers” geword het. Hulle sien die kerk net as 'n plek waar hulle iets moet kry. Die gemeente moet hulle verbruikersbehoefte en voorkeure bevredig anders gaan soek hulle 'n ander gemeente. Dis natuurlik waar dat die gemeente haar lidmate geestelik moet versorg, maar dit is ook 'n Skrifopdrag dat lidmate hulle gemeente moet dien. Hoe sal jy uit bogenoemde Skrifgedeelte so 'n “verbruikerlidmaat” bekeer om ook 'n dienende lidmaat te word?

Wenke:

- Hoe help vers 1 – 6 en 11 om jou medelidmaat te oortuig dat hy/sy ook 'n gawe, diens of taak van die Here ontvang het?
- Waarom word hierdie taak, diens of gawe vir 'n lidmaat gegee? Kyk vers 7
- Watter rol speel vers 12 – 13 om te oortuig dat almal die nodige kennis, vaardigheid en gesindheid het om diensbaar te wees?
- Hoe oortuig verse 14 – 27 dat elke lidmaat diensbaar moet wees en hom/haar nie mag onttrek of eenkant hou nie? Kyk veral verse 25 – 27.

Hoe voel jy na hierdie gesprek oor jou eie diensbaarheid in ons gemeente?

Die Here is baie duidelik hieroor: jy/julle is in die gemeente ook om te dien met die gawes wat Hy vir jou/julle gegee het. Die Here gee aan jou jou plek en taak en Hy wil jou gebruik. Jy mag jou nie onttrek nie want dan ly al die ander lede gebrek. Jy ly ook geestelike gebrek want jy is ongehoorsaam aan ons Here.



Bid dat die Here jou/julle help om jou/julle plek vol te staan en julle rol te vervul in ons gemeente met die krag van die Heilige Gees. Dank die Here ook vir so baie lidmate wat met oorgawe dien want jy kry die geestelike voordeel daarvan.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Romeine 16 en Kolossense 3: 12 - 17

Week 5, dag 3. Tema: Ons moet mekaar ken en nou met mekaar saamleef.



Handelinge 2: 41 – 47



- Het jy/julle 'n idee hoe groot hierdie eerste gemeente was? Kyk ook in Hand 4: 4.
- Hoe dink jy/julle was die vir hierdie groot gemeente moontlik om so intiem en nou met mekaar saam te lewe? Kyk in vers 46
- Watter metodes kan ons vandag gebruik sodat al ons lidmate mekaar kan leer ken?
- Waaruit kan ons aflei dat die lidmate ander lidmate se nood en behoeftes persoonlik geken het?
- Waaruit kan ons aflei dat hierdie eerste gemeente se lidmate mekaar werklik van harte liefgehad het en mekaar gedien het? Vers 45
- Ken jy/julle al die ander lidmate van ons gemeente en weet jy wat hulle persoonlike behoeftes is?
- Het jy die ander lidmate werklik lief?
- Wat sal jy/julle persoonlik wil doen om so betrokke te raak by die ander lidmate van ons gemeente?

Ons het gister geleer oor die opdrag dat ons mekaar moet dien. Ons kan dit slegs doen as ons as gemeente mekaar persoonlik ken en bewus is van geestelike en ander nood van lidmate. Ons sal as gemeente en individuele lidmate doelbewuste pogings moet aanwend om mekaar te leer ken en nou met mekaar saam te lewe sodat ons hierdie opdrag van die Here om mekaar lief te hê prakties kan uitvoer.



Bid dat die Here eerstens ware liefde in jou/julle hart vir al die ander lidmate in ons gemeente kweek sodat jy/julle dan moeite sal doen om hulle te ken en te dien.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Markus 12: 28 – 31 en 41 – 44 en Matteus 25 : 14 – 46.

Week 5, dag 4 Tema: Ons moet mekaar opofferend dien.



Filippense 1: 27 - 2: 18



Kom ons gaan vandag in gesprek met onself oor ons hartsgesindheid ten opsigte van die wyse waarop ons mekaar dien/nie dien nie.

Vra jouself/julleself die volgende af:

- Watter impak maak vers 27 op my lewensstyl, wat ek daagliks doen en hoe ek my tyd spandeer? Wat moet die hoogste prioriteit in my lewe wees?
- Hoe verander vers 29 jou siening van Christenskap? Is dit wat jy gedink het lidmaatskap van die kerk beteken?
- Wat het Christus jou volgens Filippense 2:1 gegee waarmee jy jou taak moet verrig?
- Op wie moet jy hierdie liefde, ondersteuning en krag uitstort? Verse 2 - 4
- Wat is volgens Filippense 2: 5 - 11 die gesindheid van Christus wat ons ook moet navolg in die wyse waarop ons mekaar liefhet en dien?
- Is jy/julle bereid om so te offer ter wille van jou broers en susters?
- Dink jy jou diensbaarheid in ons gemeente beantwoord aan die stelling van Filippense 2:17?

Ware liefde en diensbaarheid gebeur wanneer gelowiges die gesindheid van Christus aanneem en slawe van ander word. Om te dien beteken dat jy van jouself moet offer, maar offerliefde bring ook die grootste vreugde in jou lewe. Is dit ons gesindheid? Kyk ons so na mekaar?



Dank die Here vir die voorreg om Hom en jou naaste te kan dien. Bid om liefde wat sal offer en vra die Here om 'n slaafgesindheid.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: 1 Petrus 4: 7 – 19 en 1 Johannes 4: 7 – 5: 5

Week 5, dag 5. Tema: Ons moet mekaar geestelik versorg.



Kolossense 3: 12 – 17 en Jakobus 5: 13 - 19



- Hoe sal die volgende opdragte van Paulus aan die gemeentelede in Kolosse prakties in ons diens aan mekaar uitgevoer kan word: “vergewe mekaar” / “wees verdraagsaam teenoor mekaar” / “die vrede van Christus” aan mekaar bedien / “leer en onderrig mekaar” / “met dankbaarheid tot eer van God sing” / “alles in die Naam van God doen” / ‘alles tot eer van God doen’
- Jakobus lê ook klem op onderlinge geestelike versorging. Hoe sal ons prakties “vir siekes gaan bid” / “ons sonde teenoor mekaar bely”/ “iemand wat van die waarheid afdwaal terugbring”?
- Hoekom is dit nie net predikante, ouderlinge en diakens se werk om lidmate geestelik te versorg nie, maar ook jou verantwoordelikheid? Lees Hebreërs 12: 14 – 13: 3? Veral hf 12: 14 – 17 en 13: 1.

Ons is gewoonlik gewillig om geld / middele te gee waarmee die fisiese nood van ander bedien kan word. Baie is egter sku om by die geestelike lewe van ander lidmate betrokke te raak. Ons liefdesdiens aan mekaar hou egter veral en spesifiek geestelike versorging van mekaar in. Die geestelike lewe van al ons lidmate is almal se verantwoordelikheid: ons moet mekaar voed en versorg met die Woord en Gees.



Bid en vra die Here om jou bewus te maak van ander lidmate se geestelike nood en jou te gebruik om hulle te bedien en te help.

Ander Skrifgedeeltes wat die tema belig: Galasiërs 6: 1 - 10

Week 5 Kleingroep/gespreksgroep/Bybelstudiegroep

Tema: Hoe sorg ons vir mekaar in ons gemeente?

Skrifgedeeltes: Romeine 12:4-17 en Hebreërs 10:19-25

Week 5 Erediens

Op Sondag, 29 April bedien ds Karel vir ons die Woord uit Efesiërs 4:1-16.

Aantekening oor die afgelope week se geestelike reis

'n KORT UITEENSETTING VAN DIE ORGANIESE BYBELSTUDIE METODE

Doel:

Die doel van 'n kleingroep/Bybelstudie is om as 'n groep saam met mekaar te groei in 'n verhouding met Jesus Christus. Dit is daar om mekaar te help om te groei in die kennis en verstaan van die Bybel en om die waarhede wat ons leer te beoefen. Om dit effektief te bereik is dit nodig dat die groep mekaar aanmoedig om deel te neem aan die besprekings. Elke groeplid se insette is dus belangrik. Niemand moet afgeskiet word as dit klink of dit wat hul sê nie teologies heeltemal korrek is nie. Elke groeplid moet voel dat die res van die groep regtig luister wanneer hy of sy praat, hom ernstig opneem en hom aanvaar. Die groeplede in nie in kompetisie met mekaar oor Bybelkennis nie, maar het mekaar lief deur mekaar aan te moedig om te groei.

Begeleier:

Die begeleier moenie die leier van die groep word tydens die gesprek nie. Dis nie die leier se funksie om die opleier (Teacher) te wees nie, maar bloot begeleier van die gesprek en aktiewe deelname as een van die groeplede. Hy of sy moedig die groep aan om aan die hand van die tema saam te leer deur die waarhede van die Bybel saam te ontdek en te bespreek.

Voordele:

Die werkswyse bied die volgende voordele:

- Dit is 'n metode wat maklik gedemonstreer en gedupliseer kan word.
- Dit werk in enige grootte groep.
- Dit gee spasie vir deelname van almal in die groep met elke stap.
- Groeplede ontdek eerste wat hulle reeds weet voordat hulle die vrae probeer verstaan.
- Die groep vra vrae wat relevant is en toepaslik is vir hul eie lewens.
- Soveel as moontlik groeplede neem deel aan die antwoord van vrae.
- Die groeplede leer om die waarhede van die Bybel te koppel aan hulle daaglikse lewe deur aan moontlike toepassings te dink.
- Die groeplede kan maklik persoonlike toepassings maak deur te luister wat ander gelowiges belewe.
- Die groeplede leer om in gebed te antwoord op wat God hulle leer.

Vooraf:

Keuse van tema en teks stem ooreen met die Fokustyd Werkboek.

Die vyf stap Metode:

Stap 1: Lees

- **Bid:** Een persoon doen 'n gebed dat die Heilige Gees die groep sal lei en die Bybel sal ontsluit.

- **Lees:** Die gedeelte word hardop voorgelees deur een persoon terwyl die ander volg in hulle Bybels. Of elkeen lees 'n aantal verse. Die fokus hier is: *Wat staan werklik in die gedeelte?*

Stap 2: Ontdek !

- **Lees:** Die gedeelte moet nou vir 'n tweede keer deurgelees word, maar elkeen lees stil by homself. Soek uitroepstekens deur te vra: *Watter vers, woorde of konsepte staan vir my uit of raak my hart?*
- **Skryf neer:** Enige verse en gedagtes wat uitstaan word neergeskryf. 'n Kort nota is goed.
- **Deel die ontdekkings:** Nadat die groep genoeg tyd gekry het om in stilte te dink en neer te skryf word elkeen gevra om te deel soos hy wil.

NB.! Hierdie is nie oop vir bespreking nie en daar word net kennis geneem.

Stap 3: Vraag ?

- **Lees:** Die gedeelte word nou vir 'n derde keer sag deurgelees terwyl daar gesoek word na vraagtekens. Vra die vraag: *Watter vraag oor enige iets in die gedeelte sal ek graag vir die groep wil vra?*
- **Skryf neer: iemand in die groep word gevra om** die vers en die vraag neer te skryf nadat dit goed geformuleer is.

Voorwaardes van vraag:

- 1 Die vraag mag nie 'n ja/nee antwoord hê nie.
 - 2 Begin die vraag met wie, wat, waar, wanneer, hoekom ens.
 - 3 Elkeen in die groep mag net EEN vraag vra.
- **Deel die vraag:** Laat genoeg tyd vir die groep om die vrae te oordink en neer te skryf. Hanteer die vrae volgens die verse se volgorde en kry die vrae bymekaar deur bv. eers al die vrae van vers 1 daarna 2 ens. neer te skryf.

NOTA:

- 1 Moenie die vrae antwoord nie, hoor eers almal se vrae.
 - 2 Indien iemand sukkel om sy of haar vraag te formuleer kan die groep help maar die persoon wat die vraag vra moet die finale formulering bevestig.
- **Bespreek** 'n paar van die vrae wat die groep graag wil bespreek of hanteer die vrae een na die ander.

NOTAS:

- 1 Al die vrae sal nie noodwendig beantwoord word nie. **Daar moet in die bespreking van vrae rekening gehou word met die tema van die gesprek.**
- 2 Spandeer genoeg tyd aan die vraag ter bespreking en vra die persoon wat die vraag gevra het of hulle tevrede is met die antwoord.
- 3 Moenie dat die bespreking afdwaal van die vraag af nie deur gereeld te vra: *Hoe antwoord dit die vraag?*

- 4 Weens tydsbeperking kan besluit word op die top 4 of 5 vrae wat bespreek word.
- 5 Gebruik ander vertalings en Skrifgedeeltes om die vrae te probeer beantwoord. Ander hulpmiddels soos rekenaarprogramme en kommentare kan ook help.
- 6 Maak seker dat die antwoord uit die Bybel kom en nie bloot iemand se gedagte of antwoord is nie deur die vraag te vra: *Is dit die Bybel se antwoord?*

Stap 4: Doen – Hande en voete

- **Dink** (breinstorm) oor die moontlike toepassings wat uit die teks en gesprek na vore gekom het deur te vra: *Wat is die moontlike toepassings wat uit die gedeelte na vore kom?*
- **Deel** die moontlike toepassings met mekaar en skryf 'n lys van hierdie toepassings neer.
- **Dink** oor die persoonlike toepassing uit die teks deur te vra: *Wat wil God hê moet ek doen?*
- **Skryf** hierdie toepassing neer. Gee tyd as iemand hulle toepassing wil **deel** met die res van die groep.

Stap 5: Gebed

- **Bid** oor die waarhede wat in die bybelstudie geleer is. Gee elkeen die geleentheid om slegs een of twee sinne te bid oor dit wat hulle geleer het.